MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

Huiswerkbeleid: Graad 4 - 7



- Slegs die Montie huiswerkboek mag gebruik word.
- Huiswerk word afgeskryf by die datum wanneer dit voltooi moet wees.
- Die huiswerk word op die bord geskryf en die leerder is self verantwoordelik vir die afskryf van die huiswerk.
- Dit is **nie** die onderwyser se verantwoordelikheid om huiswerk af te skryf of om seker te maak dat die leerders dit korrek afskryf nie. Die onderwyser moet egter vir die leerders tyd gee om hul huiswerk af te skryf.
- Die inligting wat die leerder in die huiswerkboek afskryf is slegs daar om die leerder te herinner aan die opdrag wat reeds in die klas aan hulle verduidelik is. Die opdrag sal nie woord vir woord op die bord verskyn nie.
- Alle lees, spel, tafels, toetse, leerwerk, projekte ens. wat as huiswerk gegee word kan geassesseer word. Alle voorbereidingswerk wat as huiswerk gegee word, sal vroegtydig op die bord verskyn om die leerder kans te gee om hom / haar goed voor te berei.
- Alle toetse wat oor ‘n groot volume werk handel, sal 5 skooldae voor die toets geskryf word, op die bord verskyn.
  Gefotostateerde toetsleerwerk mag ook aan leerder gegee word om in huiswerkboek te plak of elders te bewaar, soos deur die o/wyser bepaal.
- Leerders moet nie net aandag gee aan die werk wat vir die volgende dag gegee word nie, maar moet veral ook aandag skenk aan die werk wat vooruit gegee word.
- **Nie net toetse** word geassesseer nie. Assesseringstake kan die volgende insluit (wat nie noodwendig voorberei kan word nie):

  Voorbeelde: Hoofrekentoetse, werkkaarte / take, groepwerk, praktiese werk, luistertoetse, onvoorbereide lees, begripstoetse, opstelle, plakkate, skryfwerk, opsommings, woordeskat ens. Vind plaas volgens KABV voorskrifte.

- Ouers is verantwoordelik om toe te sien dat huiswerk gedoen word en dan die huiswerkboek te teken.

- Indien die ouer ‘n brief in die huiswerkboek aan ‘n onderwyser skryf, is dit die leerder se plig om dit aan die onderwyser te wys.
  Die onderwyser sal dan by die brief teken as bewys dat hy / sy kennis geneem het van die brief.

Geborg deur:
Montagu
SPAR
023-6143080
goed vir jou